

HOOFSTUK 7

SAMEVATTING

7.1. Inleiding

Die voorgaande hoofstukke bestaan uit 'n inleiding waarin die aard en omvang van die probleem en die doel en metodes van die ondersoek uiteengesit is. Vervolgens is daar 'n uiteensetting gegee van die Calvinistiese opvoedingsbeskouing met spesiale verwysing na die taak en bestemming van die mens en die kind m.b.t. die kunsopvoeding. Die hooflyne van 'n kort historiese oorsig van tekenonderwys in Wes-Europa is daarna geskets soos dit voortgevloei het uit die belangstelling in kindertekeninge en dit is opgevolg deur 'n kort historiese oorsig van die ontstaan en ontwikkeling van tekenonderwys in Transvaal. Hierdie oorsig is opgevolg deur 'n bespreking van enkele riglyne van kunsopvoeding en -opvoeding waarby die doel, inhoud en metodes van kunsopvoeding uiteengesit is, asook die faktore van gesag, dissipline en tug, waarna evaluering van die kind se skeppingswerk bespreek is.

Dit word opgevolg deur 'n uiteensetting van die ontwikkelingsstadia van die kind en die kunsuiting waarin die belangrikheid van kennis omtrent die ontwikkelingsstadia van kinders en hul kunsuiting beklemtoon word. Vervolgens is die vernaamste kenmerke van die kind se kunsskeppinge gedurende elke stadium bespreek en toegelig met enkele sketse. Daar is veral aandag geskenk aan die sosiale vorming van die kind en die waarde van groepwerk in die kunsopvoeding. Die plek en taak van die gesin en ouers in hul bydrae tot die opvoeding van die kind in samewerking met die skool is verder aangetoon. 'n Aantal werke en aanbevelings is aan ouers gerig oor hoe hulle positief kan bydra tot die kind se vorming as gebalanseerde sosiale wese deur die kind se aangebore eienskappe en talente in die regte rigting te lei en te laat lei deur die kind ook kunsklasse buite die skool te laat bywoon waar dit aangebied word deur professioneel opgeleide kunsopvoeders.

In die volgende hoofstuk is daar aandag geskenk aan 'n kort oorsig van die huidige stand van kunsopvoeding in die algemeen en in die besonder. Daar is gewys op enkele gebreke en tekortkominge waarna die voortreflikhede van kunsopvoeding aan die primêre skool kortliks bespreek is. Dit word opgevolg deur enkele riglyne en aanbevelings vir doeltreffender kunsonderwys en verder is ook moontlike terreine wat as vrugbare gebied vir toekomstige navorsers kan dien, aangetoon d.m.v. 'n aantal vrae.

7.2. Slotbeskouing

In die lig van die voorafgaande bevindinge en aangeduide riglyne vir moontlike verdere navorsing glo ons dat deur volgehoue, eerlike arbeid, die nodige liefde en waardering vir 'n groot en heerlike taak en roeping in die lig van Sy woord steeds verder gevorder sal word op die pad van die waarheid, goedheid en skoonheid. Die ontwikkeling en vorming van die kind moet gesien word as dinamies, progressief en kumulatief, kuminerende in die stadium van sosiale ontplooiing tydens die primêre skoolstadium. Dit moet produktief gestimuleer en gelei word as middel wat 'n bydrae moet lewer tot die aard en wese van die mens en kind as individuele wese met 'n sosiale roeping. Dit is noodsaaklik vir die organiese opvatting van die lewensverhoudinge - die solidariteits- en verbondenheidsgevoel van die enkeling-in-die-groep¹⁾ waartoe o.m. ook die kunsopvoeder en ouer 'n gesonde bydrae kan en behoort te lewer deur „geloof en onbaatsugtige diens, maar veral deur die liefde tot die naaste en tot God“²⁾, want „the Bible tells us that man cannot live by bread alone, but by the very word of God. Art is the word of God made visible and tangible“³⁾.

Daar is in hierdie studie gepoog om 'n positiewe bydrae te lewer tot die persoonsvorming, -ontwikkeling en -roeping van die kind⁴⁾ in die primêre skool deur klem te laat val op die hoër geestelike lewenswaardes wat die balans moet help meebring tussen die materiële en die geestelike in ons samelewing.

-
1. Sexton, P.C. Readings on the school in Society, Hst. 6.
 2. Van der Walt, op. cit., p. 142. Vgl. Sinodale deputaatskap belas met eeufeesviering van die Teologiese skool. Die koninkryk van God, p.5.
 3. Stayt, op. cit., p. 121. Vgl. Narramore, C.M. Discipline in the Christian home; Bigot, L.C.T. Het kind, p. 86 - 115.
 4. Munro, T. Art Education, p. 18 - 21.